

Oggenddiens 22 Maart 2020

Welkom by die erediens.

Gebed.

Skriflesing

Preek

Toe ek laas Sondag praat van die virus en die moontlikheid dat ons sal moet planne maak oor ons eie erediens het ek nie geweet dit gaan so verander nie.

Ons het gedink ons gemeente is klein en ons kan aangaan sonder dat dit ons gaan beïnvloed, maar dis nie sommer so maklik nie.

Ek dink ons is al almal keelvol vir die storie oor die COVID-19 storie, maar ons kan ook maklik grappe daarvoor maak. Ek dink ook reg oor die hele land sal al die dominees seker daarvan praat tydens hulle eredienste.

Maar ek hoop ons besef ook die erns van die saak en dat ons nie hierdie doen omdat ons wil nie.

Ons is deel van die bevoorregtes, wat vrede in ons hart het oor ons toekoms – so sê ons belydenis, en dan bely ons dat ons as kinders van God die evangelie moet bring aan die wat bang en bevrees is oor die gevaar wat almal aan onderworpe is.

Daarom as ons dan die evangelie verkondig moet ons nie deel wees van die verwarring en vrees en paniek wat ander saai nie, maar eerder die vrede en troos verkondig wat ons in Christus beleef. Ons moet juis kalm bly te midde van die histerie wat deur die sosiale media versprei word.

Natuurlik beteken dit ook nie dat ons immuun staan teen hierdie virus nie. Daar is wel mense wat die bloed van Jesus oor mens bid en dan sal die virus jou nie tref nie. Ek glo dis verkeerd om so te maak, aangesien die Here nie voorgeskryf kan word nie. Ons moet nie in ons geloof glo nie, of in ons gebed glo nie, ons moet in Jesus glo en die krag wat Hy het om die siekte te kan voorkom, of die beloftes wat Hy gee dat Hy ons nooit alleen sal los nie – al word ons siek.

Luk. 4:12 – Jy moet die Here jou God nie op die proef stel nie.

En daarom moet ons verantwoordelik optree sonder om die Here van iets te beskuldig of paniekerig te word nie, **want ons is verkondigers van die evangelie.**

Dan is daar mense wat sê ons is onder die straf van die Here, en dat ons moet reg lewe. Ook daarin lê daar 'n stuk onwaarheid, want ons weet ons kan nie goedgenoeg lewe sodat ons nie gestraf sal word nie en dan is die straf vir die sonde die dood en nie swaarkry en straf hier op aarde nie. Want dan kan ons mos sê ons het ons straf weg en kan almal hemel toe gaan.

Nou hoe moet ons as Christene dan optree?

Ons kan nie dit ignoreer nie en vertrou dat God dit gou sal laat verbygaan nie en dat nie een van ons mense dit kry nie. Ek dink dis eerder nodig dat ons nie sal teëstribbel oor al die reëls en regulasies wat ongestel is nie. Ons moet nie kwaad word as ons in toue moet staan en eers hande moet was of selfs by die huis moet bly nie, maar dat ons eerder kalm sal bly en eerder sal maak soos die klomp daar in Italië waar hulle in hul woonstelle by die balkonne sal uithang en sing en mekaar opbou.

Bring verligting aan mense wat hulle self nie kan help nie. Maak dit vir ouer mense moontlik om in goeie omstandighede hulleself te kan isoleer en nie blootgestel te word nie.

Verskaf hulpmiddels aan jou werkers soos voorkomende en immuun versterkende middels te verskaf sodat hulle ook nie in vrees hoef te leef nie, **maar voed die hoop** in die gemeenskap deur positief te wees en gehoorsaam te wees en te help waar jy kan.

Dit is goed om te lees wat Martin Luther geskryf het toe die Swart Dood 60% van Europa se bevolking uitgewis het:

“Ek sal God vra om ons uit genade te beskerm, en dan sal ek die huis fumigate en die lug skoonmaak en elke plekke skrop en medisyne drink en ek sal plekke vermy waar ek nie nodig is nie, en so nie dalk die virus opdoen of versprei nie. **As God my wil neem sal Hy my kry waar ek ookal is** en ek sal weet ek het nie my dood of die van ander veroorsaak nie. Maar as iemand my nodig het sal ek sonder vrees help. Sien dit as ‘n Godsvresende geloof en nie as onverantwoordelik nie.”

Ora et labora – “Bid en Werk.”

Laat hierdie slagspreuk van die kerk ook die slagspreuk van Quagga-poort word.

Bid dat die Here ons in hierdie tyd sal bewaar en die wysheid gee om die regte ding te doen.

Amen

Gebed

Seën

En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade ‘n blywende troos en goeie hoop gegee. (2 Tes 2:16-17)